# Die Eensame Teepot

Deur: Sally Elliot

Eendag was daar 'n mooi blou teepot, die heel beste teepot in die hele wêreld. Sy eienares was baie life vir hom en hy is gereeld gebruik wanneer besoekers kom tee drink het. Dan het die mooi blou teepot op 'n pragtige wit tafeldoekie op die teetafel gestaan, of op die tuintafeltjie wanneer hulle buite tee gedrink het. Teepot het dit geniet om dan reg in die middle op die oulike tuin= tafeltjie te staan onder 'n fraai, helderkleurige tuinsambreel in die skadu van die groot ou eikeboom. Die besoekers kon nie uitgepraat raak oor hom en die heerlike geurige tee wat uit sy tuit geskink word nie. Dit het hom baie trots laat voel. Wanneer die gaste weg was, is Teepot met groot liefde gewas en afgedroog – en mooi skoon en blink – op die kombuiskas gesit waar almal hom kon raaksien en bewonder.

Op 'n dag, na 'n teepartytjie, het die onhandige huishulp wat hom gewas het, hom laat val en sy tuit het gebreek. Sy eienares was baie kwaad. "Ag nee," het sy gesê, "kyk wat het die huishulp aangevang! Ek sal jou van nou af nie meer kan gebruik nie, ek sal my ander teepot, die pienke, moet gebruik. Ag tog, dis jammer. Jy was my geliefkoosde teepot!"

Teepot was baie, baie hartseer. Toe sy eienares se vriendinne weer kom tee drink, is die pienk teepot uitgehaal. Treurig en vergete het die blou teepot op die vensterbank gestaan en kyk hoe die pienk teepot die teepartytjie buite in die tuin geniet. Hy het baie, baie eensaam gevoel.



Op 'n dag kom daar 'n gawe vrou wat skilder daar tee drink. Sy sien vir Teepot waar hy op die vensterbank staan en sê: "Wat 'n mooi blou Teepot!" "Dit was my geliefkoosde teepot", sê Teepot se eienares, "maar hy het geval en gebreek en die tuit het afgebreek en ek kan hom nie meer gebruik nie." "Kan ek die Teepot leen?" vra die kunstenares. "Ek wil 'n skildery maak." Toe vat die kunstenares die teepot saam huis toe en sit hom daar op 'n mooi geel tafeldoekie neer en begin 'n skildery van hom maak. Die aandag wat hy kry, laat Teepot sommer baie beter voel. Dis vir om lekker om op die geel tafeldoekie te staan terwyl die kunstenares hom skilder. Uiteindelik is sy klaar. Sy neem vir Teepot terug huis toe. "Ek wil die blou teepot graag weer eendag vir 'n skildery leen," sê sy vir die eienares. "Waarom rangskik jy nie intussen blomme in hom en sit hom op die tafel nie? Hy sal so mooi lyk daar!" "Dis 'n gawe plan!" sê die eienares.

En nou staan Teepot weer trots op 'n geel tafeldoekie op die tafel in die woonkamer waar hy
altyd gestaan het, terwyl die gaste tee gedrink het. Almal sê dat hy die fraaiste teepot is wat hulle ooit gesien het. Met die blomme lyk hy alte fraai – baie mooier as die pienk teepot!